## 2. REëLING VAN WERKSTYD: HOOFSTUK TWEE

2.1 Toepassing

Hierdie hoofstuk is nie van toepassing op senior bestuurswerknemers, en werknemers wat in diens is as verkoopspersoneel wat rondreis en werknemers wat minder as 24 uur per maand werk nie.

2.2 Gewone werkure: Artikel 9

Geen werkgewer mag van ‘n werknemer vereis of hom toelaat om meer as –

(a) 45 uur in ‘n week te werk nie;

(b) nege uur op ‘n dag te werk nie indien die werknemer vir vyf dae of minder in ‘n week werk; of

(c) agt uur op ‘n dag te werk nie indien die werknemer op meer as vyf dae in ‘n week werk.

2.3 Oortyd: Artikel 10

2.3.1 ‘n Werkgewer mag nie van ‘n werknemer vereis of hom of haar toelaat om –

(a) oortyd te werk nie behalwe ooreenkomstig ‘n ooreenkoms;

(b) meer oortyd te werk nie as tien uur in ‘n week.

2.3.2 ‘n Ooreenkoms mag nie van ‘n werknemer vereis of hom of haar toelaat om meer as 12 uur op enige dag te werk nie.

2.3.3 ‘n Kollektiewe ooreenkoms kan oortyd vir tot twee maande in enige 12-maande-tydperk tot 15 uur per week verhoog.

2.3.2 2.3.4 Oortyd moet teen 1.5 maal die werknemer se gewone loon betaal word of ‘n werknemer kan instem om tyd vry te neem met betaling.

2.4 Saamgeperste werkweek: Artikel 11

2.4.1 ‘n Werknemer mag skriftelik ooreenkom om 12uur op ‘n dag te werk sonder oortyd betaling.

2.4.2 Hierdie ooreenkoms mag nie van die werknemer vereis of hom of haar toelaat om –

(a) meer as 45 gewone werkure in ‘n week te werk nie;

(b) meer as 10 uur oortyd in ‘n week te werk nie; of

(c) meer as vyf dae in ‘n week te werk nie.

2.5 Berekening van gemiddelde werkure: Artikel 12

2.5.1 ‘n Kollektiewe ooreenkoms kan toelaat dat die werkure as ‘n gemiddelde bereken word oor ‘n tydperk van tot vier maande.

2.5.2 ‘n Werknemer wat deur so ‘n kollektiewe ooreenkoms gebind word, mag nie meer as –

(a) ‘n gemiddelde van 45 gewone werkure per week oor die ooreengekome tydperk werk nie;

(b) ‘n gemiddelde van vyf uur oortyd per week oor die ooreengekome tydperk werk nie.

2.6 Etenspouses: Artikel 14

2.6.1 ‘n Werknemer moet ‘n etenspouse van 60 minute na vyf ure se werk neem.

2.6.2 ‘n Skriftelike ooreenkoms kan –

(a) die etenspouse tot 30 minute verkort;

(b) wegdoen met die etenspouse vir werknemers wat minder as ses uur op ‘n dag werk.

2.7 Daaglikse en weeklikse rustye: Artikel 15

‘n Werknemer moet ‘n daaglikse rusperiode van 12 opeenvolgende ure en ‘n weeklikse rusperiode van 36 opeenvolgende ure neem, wat, tensy anders ooreengekom, ‘n Sondag moet insluit.

2.8 Betaling vir werk op Sondae: Artikel 16

2.8.1 ’n Werknemer wat by geleentheid op ‘n Sondag werk, moet dubbelbetaling ontvang.

2.8.2 ’n Werknemer wat gewoonlik op Sondae werk, moet 1.5 maal die gewone loon ontvang.

2.8.2 Daar kan ooreengekom word dat werk op ‘n Sondag verruil kan word vir tyd vry met betaling.

2.9 Nagwerk: Artikel 17

2.9.1 Werknemers wat nagwerk verrig tussen 18:00 en 06:00, moet vergoed word met betaling van ‘n toelaag of deur vermindering van werkure en vervoer moet beskikbaar wees.

2.9.2 Werknemers wat gereeld na 23:00 uur en voor 06:00 uur die volgende dag werk verrig, moet ingelig word oor –

(a) enige gesondheid- of veiligheidsgevare; en

(b) die reg om ‘n mediese ondersoek te ondergaan.

2.10 Openbare vakansiedae: Artikel 18

2.10.1 Werknemers moet vir enige openbare vakansiedag wat op ‘n werksdag val, hulle normale betaling ontvang.

2.10.2 Werk op ‘n openbare vakansiedag is per ooreenkoms en moet teen dubbel betaling vergoed word.

2.10.3 ‘n Openbare vakansiedag kan volgens ooreenkoms met ‘n ander dag uitgeruil word.